

13 Maart

1 Samuel 17:38-50, (Teks: 17:45)

Roeping inspireer tot aksie

As Dawid hoor hoe Goliat die HERE minag en hoe die Israëliete daarop reageer, oorval verbasing hom. Hy begryp onmiddellik waarop die heiden se uitdaging neerkom. Die ryk van Satan verhef hom teen die HERE.

Ooreenkomstig sy geloofinsig tree Dawid op. Hy gebruik nie Saul se wapenrusting nie. Dit sou beteken dat hy op die heiden se vlak neerdaal en op sy terme teen hom sou stry. Dawid gaan die reus tegemoet in die Naam van die HERE van die leërskaer, met 'n eenvoudige slingervel en klippies. Die HERE word beledig. In die Naam van die HERE moet daar gestry word. Daardie stryd moet plaasvind met die wapens wat die HERE daarvoor beskik. Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaer.

Dawid gaan tot roepingsgetroue aksie oor. Die uitslag van die stryd is oorweldigend. Die kragtige wapentuig van die heidenreus hou nie stand voor die eenvoudige werktuie van die HERE se getroue ampsdraer nie. So het Dawid dan die Filistyn met 'n slinger en 'n klip verslaan.

In hierdie gebeure spreek die HERE al sy kinders in hulle amp van gelowige aan. Hy eis van ons roepingsbewustheid. Dit staan teenoor passiewe wag op 'n uitdaging. Hy eis beginselvaste, positiewe aksie. Dit staan teenoor reaktiewe optrede wat deurgaans geken word aan negatiewe vrees, wat op sy beurt aangedryf word deur menslike willekeur. Die lewe van die gelowige is geen stryd om oorlewing nie. Dit is wel diensbaarheid aan die lewende God.

Ds. G.J. Meijer (Wonderboompoort)